# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

2 Augustus 2024 Uitgawe: 4/3/2024

## UIT DIE KANTOOR

**ABSA Tjokkie Hokkietoernooi**
Baie dankie aan elke ouer wat aangebied het om te help met eerskomende Saterdag se hokkiedag by die UV. Sonder u hulp sal so 'n dag nie 'n sukses kan wees nie. Soos u weet, is dit vir Tjokkies 'n groot hoogtepunt op ons jaarkalender en gebruik ons dit ook as 'n groot bemarkingsgeleentheid. In dieselfde asem probeer ons hierdeur ook geleentheid skep vir elke hokkiespeler om op hierdie dag in haar/sy Tjokkieklere ons naam hoog te hou. Mag elke deelnemer dit baie geniet. Daar is ook baie besoekende skole wat aan hierdie dag deelneem. Ons raai ouers dus aan om vroeg op te daag sodat voldoende parkering verkry kan word. Hoop om u almal daar te sien.

**Kultuur**
Tjokkies is net so besig op die kultuurfront. Ons Pom-poms en Ritmegroep-leerders het gisteraand aan 'n musiekfees in Kroonstad deelgeneem. Baie goeie terugvoer is ontvang en ons is vol vertroue dat die leerders dit baie geniet het. Dankie aan die ouers wat hierdie geleentheid vir hul kinders kon moontlik maak.

Baie geluk aan ons kore wat hierdie week aan die Vrystaat Kunswedstryd deelgeneem het. Ons het vir die eerste keer vanjaar ons junior koor ingeskryf vir hierdie kompetisie. Hulle het 'n gemiddeld van 84% behaal (A simbool) wat baie goed is. Ons seniorkoor het 'n pragtige A+ simbool verwerf. Baie dankie aan juf. Jo-Retha Rossouw en haar begeleiers, juff. Marietjie Langenhoven en Hanlie Dippenaar vir harde werk en goeie uitslae.

Ek is ook besonder trots op elke ander Tjokkie musiekleerder wat puik presteer het. Die kunswedstryd loop tot 12 Augustus. Sterkte aan elkeen wat nog volgende week moet deelneem.

**Akademie**
So tussen al die sport- en kultuuraktiwiteite deur bly ons akademie steeds vir ons baie belangrik. Heelwat departementele opleidingsessies word die volgende maand aangebied waarby personeel betrokke sal wees. Ons skool is onderhewig aan die programme wat deur die departement deurgegee word en dus moet ons die kurrikulum volg soos voorgeskryf. Die skool werk egter addisionele programme by om ons kinders deeglik voor te berei vir die volgende graad.

Gr. 4-7 leerders het verlede week die toetsrooster ontvang vir die komende toetsreeks. Maak asb. seker dat u kind dit wel gekry het sodat hul kan voorberei vir die toetsweek wat op 28 Augustus begin.

**Langnaweek**
As gevolg van die langnaweek, sal die skool op Donderdag, 8 Augustus om 13h00 vir almal sluit. Nasorg gaan normaal voort.

**Verkeer en veiligheid**
Ek doen weereens 'n beroep op ouers om:

- Nie by hek 1 (Hoofhek) soggens regs te draai wanneer u klaar u kind afgelaai het nie. Die bordjie daar is spesifiek aangebring om u daaraan te herinner.
- Nie op die geverfde sebra-strepe voor die hek by die swembad te parkeer nie.
- Versigtig te wees wanneer u agteruit beweeg uit u parkering. Maak asb. seker dat daar nie leerders agter u voertuig is nie.

Wees oor die algemeen versigtig en bedag dat u voertuig wel sluit, wanneer u vinnig net u voertuig verlaat om u kind by die hek te kry. Die polisie het ons onlangs ingelig dat "remote jamming" nou weer toeneem.

## ANDER

**Personeel**

Tjokkies verwelkom graag mev. Annelize Pieters as nuwe debiteure-klerk by die skool. Mev. Pieters sal voortaan die skoolrekenige, nasorgsentrum, navrae rondom skoolgelde en kortings hanteer.


Ons vertrou dat mev. Pieters vining by die skool sal inskakel. Baie dankie aan die beheerliggaam wat hiertdie aanstelling moontlik gemaak het.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 2 Aug.: | PBS 7's Rugbytoernooi |
| 3 Aug.: | Absa Tjokkie Hokkietoernooi |
| 5 Aug.: | Hokkieliga vs St Andrews (weg) |
| | Tennisliga vs St. Michaels & SPS Brandfort (dogters) |
| 6 Aug.: | Finkom vergadering |
| | WP 7's rugbytoernooi |
| 7 Aug.: | Hokkieliga vs OMS (tuis) |
| | Tennisliga vs Fichardtpark & SPS Brandfort (seuns) |
| 8-10 Aug.: | Guschkie Hokkietoernooi o/13 S (Grey) |

## VERJAARSDAE

Geen



## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Dankie aan die manne wat reeds kaartjies aangekoop het vir die messebraai.  Vinnig spring, daar is nog kaartjies beskikbaar.  Kontak vir Suzane by bemarker@tjokkies.co.za.




**McTjokkie-onnieaand**

Woensdag, 7 Augustus 2024 hoef mammas en pappas nie kos te maak nie, want……dit is Mc Tjokkie-onnie aand.  Besoek McDonalds Zastronstraat tussen 18:00 en 20:00, koop kos hier en word deur die Tjokkie-onnies bedien.  10% van die omset van die twee ure word aan Tjokkies geskenk!

Mmmmmmm, I'm lovin' it!!!!

Sien jul daar!




## HOKKIE

Vir die ouers wat nie by die inligtingsvergadering was nie, ons kry navrae oor die C- en D-spanne wat nie liga speel nie.  Wanneer ons teen die groter skole speel, het hulle 4 spanne waarteen ons kan meeding, maar as hulle nie het nie, kan ons hulle ongelukkig nie akkommodeer nie.  Daarom is daar ook "festivals" waar hulle speel.  Leerders moet asb. al die oefeninge bywoon om oorweeg te word vir die wedstryde al is jy in die C- tot F-span.  Moenie net wegbly of opgee nie.

**Onthou asb. om betyds die vervoer "link" in te vul vir wedstryde.**

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Ek lees 'n stukkie van iemand wat geskryf het dat ons kinders gebôre is in hierdie tyd, vir hierdie tyd. Ek dink ons almal raak op een of ander stadium bekommerd oor ons kinders en hulle toekoms. Daarom skryf ek vandag hieroor, sodat ons weer opnuut bemoedig kan word.

As ons gaan kyk na almal wat in die Bybel bekend was, die Here het hulle presies geskep in 'n sekere tyd vir 'n spesifieke doel om Sy naam te verheerlik. 'n Paar voorbeelde: Daniël en die leeukuil, Dawid wat vir Goliat oorwin het, Moses wat die Isrealiete gelei het.

As ons hierdie alles in gedagte hou en ook gaan kyk na wat God in Sy woord sê, kan ons met 'n vaste wete opgewonde wees oor ons kinders se toekoms.

EFESIËRS 2:10 AFR83 [10]: Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.

PSALMS 139:16-17 AFR83 [16]: U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is. [17] Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal!

Kom ons raak doelgerig en opgewonde om ons kinders groot te maak in die weë van die Here, kom ons bly op ons knieë en bid dat die Here ons en ons kinders sal gebruik in hierdie tyd om bakens van lig en hoop te wees tot eer van Sy naam.

**Gebed:** Here, mag ons altyd onthou dat U ons en ons kinders geskep het vir nóú. Help ons om ons kinders op te rig om lig en hoop te bring tot U eer. Amen.

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Sien julle by die groot Tjokkie Hokkiefees – reg langs die Astro-bane. Onthou ons aanvaar kontant en bankkaarte (jammer geen kaartjies nie).

Al die gewilde items sal beskikbaar wees: Lays / Simba / Niknaks / Yanks / Ghost Pops / Fritos / Popcorn; verskeidenheid lekkers; roomys; koeldrank; spookasem en vele meer.

Kom kry vir jou 'n SES KLEUR reënboogslush (500ml) of gewone slush om die groot dors te les. Kaalvoetgroete!

# LANDLOOP

**Vrystaat Landloopbyeenkoms**

Baie sterkte aan die Tjokkie landloopspan met julle deelname aan Saterdag, 3 Augustus se Vrystaat Kampioenskappe.

“No half times, no time outs, no substitutions. It must be the only true sport.” Chuck Norris

# SNUFFELS

